HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 43 van 2026

26 Maart 2026

Geagte Graad 9-leerders en -ouers

Die graad 9-leerders het musiek as deel van Skeppende Kunste en kan in graad 10 musiek as 'n vak neem. Dit behels prakties (die speel van 'n instrument), sowel as teorie en geskiedenis.

Dit is tot voordeel van die leerder as hy/sy reeds 'n instrument neem of so gou moontlik in graad 9 begin neem, maar dit is nie verpligtend nie. Ons beveel dit wel ten sterkste aan, aangesien 'n leerder aan die einde van graad 10 op 'n graad 3-musiekvlak moet wees.

Ons het dit goed gedink om reeds in die tweede kwartaal ekstra klasse in musiekteorie aan te bied vir leerders wat belangstel om musiek in graad 10 as vak te neem, sodat hulle 'n idee kry van wat die vak behels en op 'n sterker voet, graad 10-vakmusiek betree.

Stuur asseblief 'n e-pos aan Hoërskool Randburg se Magneetskool vir Musiek indien u kind sou belangstel om hierdie wonderlike kans aan te gryp magneetskool@hsrandburg.co.za.

Vriendelike Magneetskoolgroete

E. Potgieter
Musiek-vakhoof

P. Booysen
Skoolhoof

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za